# Onderwys: *Staats*diens of *Gods*diens?[1]

*deur Slabbert Le Cornu*

**The issue with regard to the state is thus a religious one. Evil is a problem for all society. The corruption of sin effects the person and all his institutions. ... The idea that the state can be the overlord and moral arbiter between men, other governments, and institutions is one of history's most evil illusions. It is a religious illusion which seeks to circumvent the need for God. It's ancient classic is Plato's Republic; its current expression is the modern state. At issue is whether or not the key governing unit on earth is the redeemed man in Christ, or the state as a god walking on earth. - R.J. Rushdoony**[2]

'n Land se diepste religieuse en ideologiese oortuigings sal duidelik na vore kom wanneer 'n mens 'n studie doen van sy onderwys- en regsisteem. 'n Amerikaanse opvoedkundige skryf:

---

[1] Hierdie artikel word opgedra aan dr. RJ Rushdoony (1916-2001), amerikaanse teoloog, filosoof en opvoedkundige. Dit is hierdie skrywer se mening dat dr. Rushdoony dié profeet is, teen een van die grootste vyande van die hedendaagse Christendom, nl. die messiaanse staatsidee: *staatisme*. Om die moderne staatsideologie te verstaan, asook sy opvoedkundige verlossings-instrument, die staatskool, is dit onontbeerlik om dr. Rushdoony se werke te bestudeer (enige navrae oor sy werke kan gerig word aan Esra Boeke. Tel.012-3315483 of esra@netlab.co.za Soos dit in hierdie artikel sal blyk, is dit wat hier aangebied word, hoofsaaklik gebaseer op sy teologiese en filosofiese bydrae t.o.v. staat en opvoeding.

[2] *Christianity and the State* (Vallecito, California: Ross House Books, 1986), p.162

> The function of education is thus to school persons in the ultimate values of a culture. This is inescapably a religious task. Education has always been a religious function of society and closely linked to its religion. When a state takes over the responsibilities for education from the church or from Christian parents, the state has not thereby disowned all religions but simply disestablished Christianity in favor of its own statist religion, usually a form of humanism.[3]

Die minister van onderwys, Kader Asmal, besef dit deeglik. In die voorwoord tot die Nuwe Kurrikulum (afkorting: NK), soos bekendgestel op 31 Julie 2001, sê hy:

> The significance of education to our society cannot be underestimated. It is the foundation for social justice, equality, growth, and development. It is, indeed, requisite for a democratic society. The curriculum is the place where a society expresses its goals, visions and expectations as to how it will create and develop the kind of citizens who will embody its ideals.

In ons land se kurrikulum sal ons daarom die nuwe godsdiens en kultuur vind wat die staat verwag oorgedra moet word aan die toekoms van ons land, die jeug. Die woord *kurrikulum*, kom van die latynse woord *currere*, wat beteken *om te hardloop*. Meer spesifiek verwys dit na 'n renbaan wat voltooi moet word om die prys te behaal.[4] Die nuwe kurrikulum is dus die voertuig wat gebruik moet word om 'n bepaalde doel te bereik deur die onderrig van sekere kennis, vaardighede en waardes. Meeste mense is (tereg) besorg oor die inhoud van die nuwe

---

[3] *The Philosophy of the Christian Curriculum* (Vallecito, CA: Ross House Books, [1981]1985), p.3.

[4] Douglas Wilson, *Repairing the Ruins: The Classical and Christian Challenge to Modern Education* (Moscow, Idaho: Canon Press, 1996), p.212.





voertuig, maar vra nie genoegsaam die belangriker vraag van: of die bestuurder agter die stuurwiel, 'n wettige lisensie het om daardie voertuig te bestuur nie? In verskillende studies wat alreeds gedoen is, vanuit godsdienstige, filosofiese, en opvoedkundige oorwegings, is die nuwe kurrikulum bespreek.[5] In hierdie bydrae, wil ek my bepaal by wat ek glo die achilleshielvraagstuk is t.o.v. die onderwys oor die algemeen, en spesifiek die Nuwe Kurrikulum wat voorgestel is, naamlik:

> **Aan wie behoort die kinders?, en wat daaruit vloei: is dit die staat se taak om die onderwys te hanteer?**

In sy fondamente, het ons met onderwysstryd in ons land, nié te doen met 'n rassestryd ("apartheid"), 'n opvoedkundige stryd ("maar Jannie kan nie meer lees nie") of 'n ekonomiese stryd ("rykes vs armes") nie, maar met 'n godsdienstige ideologiese stryd vir die siele van ons kinders [wat natuurlik groot gevolge het vir bogenoemde probleme], en wat alles gaan uitloop op die die volgende botsing tussen die Christendom en die moderne messiaanse staatsideologie wat vandag die onderwys beheer:

> **Wie is die hoogste Soewerein, d.w.s wie het die hoogste gesag in die totale lewe, en dus ook in die onderwys: God (deur Sy Woord en Gees) of die Mens (deur die Staat)?**

In my bestudering van die NK, het ek spesifiek aandag gegee aan die volgende dokumente (aangesien dit die religieus-filosfosiese raamwerk van die NK die beste uiteensit):[6]

---

[5] Sien http://pestalozzi.org/kurrikulum

[6] Sien http://education.pwv.gov.za vir al die dokumentasie en ander relevante inligting aangaande die nuwe

- Voorwoord deur minister Kader Asmal tot die NK

- *Manifesto on Values, Education and Democracy*, onder leiding van prof. Wilmot James

- Die Sosiale Wetenskap Leerarea

- Verskillende inligting en artikels wat in die pers verskyn het ter toeligting van die NK en die onderwys oor die algemeen

Die NK moet gesien word teen die agtergrond van die omwentelinge in ons land die afgelope dekade plaasgevind het, wat ek in hierdie tabelvorm antiteties teenoor die Christendom wil stel:

| CHRISTENDOM | NUWE SA HUMANISME |
|---|---|
| 1. *Soewerein*: die Drie-enige God | 1. *Soewerein*: die demokratiese Mens |
| 2. *Norm:* die Bybel | 2. *Norm:* die Menseregte Grondwet |
| 3. *Probleem:* Sondeval en sonde | 3. *Probleem:* Ongelykheid en omstandighede |
| 4. *Verlosser*: Jesus Christus alleen | 4. *Verlosser:* die messiaanse staat (staatisme) |
| 5. *Instrument:* die Kerk van Christus | 5. *Instrument:* die sekulêre staatskool |

Van toepassing op die NK, sien 'n mens duidelik dat die godsdiens van humanisme, naamlik die mens is die maatstaf van alle dinge (ook vir die

hersiene kurrikulum.





opvoeding en godsdiens), in die sentrum staan van hierdie stryd.

### 1. Die mens, nie God nie, is soewerein

*"South Africa is a country that embraces all the major world religions" - Adjunkminister van Onderwys, Mosibudi Mangena.*

*"Ek is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie", -Jesus Christus (Joh.14:6)*

In die hele dokument van 1400 bladsye, word die soewereiniteit van God Drie-enig nêrens bely nie, alles natuurlik in lyn met die SA grondwet. Inteendeel, die mens met sy behoeftes staan sentraal, ook soos met die grondwet. Die vertrekpunt is: "Uit die mens, deur die mens, en tot die mens is alle dinge. Aan die mens die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."[7] Vir party klink dit na ou nuus, maar dit is juis hierdie ou nuus wat die kernprobleem vorm, waaruit al ons land se probleme gevloei het, en nog meer gaan vloei, naamlik wanneer 'n land sy christelike erfenis openlik verwerp en sy eie gode begin kies (die baba -ons christelike erfenis- word saam met die badwater -die apartheidsisteem- uitgegooi). Dr Gordon Clark, skryf daarom tereg:

> The school system that ignores God, teaches its pupils to ignore God, and this is not neutrality. It is the worst form of antagonism, for it judges God to be unimportant and irrelevant in human affairs. This is atheism.[8]

[7] Die Bybelse standpunt is: "Want uit God en deur God en tot God is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen" Rom.12:36

[8] *A Christian Philosophy of Education* (Jefferson, Maryland: The Trinity Foundation, 1946 [1988]), p.73.

Dit beteken natuurlik nie dat die staat nou openlik -soos in die VSA- bv. gebed en Bybel uit die skole wil ban nie (... nog nie?), maar dat hul Christus wil gelykstel aan al die ander afgode.[9] In die onderwystydskrif, *The Teacher*, die uitgawe van Augustus 2001, word die nuwe humanistiese intergeloofsgodsdiens openlik bely, onder die opskrif 'KEEP GOD OUT OF PUBLIC SCHOOLS':

> 'Thou shalt not use public schools to preach about any particular faith, but rather about respect and the need for celebrating South Africa's diversity as a nation', was the message of the Deputy Minister of Education, Mosibudi Mangena, to the Students Christian Union annual conference in Klerkdorp in North West province. He told students that public schools were responsible for teaching about religion in a manner that is in tune with democratic values, and in ways that are different from the religious instruction provided by the home, family and religious community... "We are also mindful that the public education system is home to learners from a range of beliefs and is thus constitutionally charged to respect these various beliefs. The public schooling system cannot promote one belief at the expense of any other. It needs to ensure that knowledge and understanding of the various beliefs is shared with the learners... Religion education is a learning programme for teaching and learning about religions and religious diversity in this country and the world. Learning about religions and religious diversity serves important educational outcomes identified in Curriculum 2005". Mangena said that although over 60% of the population are Christians, "South Africa is a country that embraces all the major world religions". A Department of Education policy document on religion is expected to be released before the end of the year.

---

[9] "Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een. Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is—soos daar baie gode en baie here is — tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom." - 1 Kor.8:4-6





Hieruit is dit duidelik dat intergeloofsgodsdiens die groter god moet dien wat al die mense en kulture van ons land in gemeen het, nl. Staatsdiens, d.w.s. elke godsdiens, ingeslote die ware Christelike geloof, moet in diens van die Staat geneem word. Soos die minister hierbo sê: elke geloof moet "in tune" wees met SA se 'democratic values', ongeag die feit dat daardie waardes deur die staat self vertrap word, want as die meerderheid dan die toetsteen is, dan is dit mos duidelik dat die christelike geloof die oorheersende geloof van hierdie land is, en voorgang behoort te geniet in alle skole? Verder, wat daarvan as die demokratiese waardes nie in lyn is met die hoogste bron van waarheid nie, naamlik die Bybel? Gaan Christene dan gedwing word om dinge te glo en te doen wat teen hul gewetens ingaan, soos wat blyk uit die doel en inhoud van die NK?

Verder is dit ook lagwekkend, dat die minister sy dogmatiese en onverdraagsame humanistiese intergeloofsgodsdiens propaganda probeer wegsteek agter 'n papwiel uitspraak soos *'The public schooling system cannot promote one belief at the expense of any other'*, terwyl in die *Values* dokument onder andere gestel word: *'Infusing the classroom with a culture of Human Rights, is an imperative ... The challenge is to show that the path towards good citizenship, and effective education, is precisely founded in human rights, not any form of totalitarianism masquerading as moral regeneration.'* Hierdie soort stellings kan dalk die ouers, onderwysers en opvoeders flous wat slagoffers en slawe geword het van die K2005 ideologie, maar nie daardie mense wat nog kan lees, skryf en tel nie. Christene sal opnuut moet leer om die geeste te onderskei -veral daardie geeste wat met woordegimnastiek die mense probeer mislei (1 Joh.4:1).

## 2. Die Nuwe SA bybel: die Menseregte Grondwet

*"In die naam van menseregte word bybelse reg vertrap" - Anoniem*

'n Werkgroep, onder leiding van prof. Wilmot James, het die dokument,

*Manifesto on Values, Education and Democracy*, opgestel wat dien as raamwerk vir die NK. In die 'Executive Summary', skryf prof. Wilmot James as volg:[10]

> ... the Manifesto recognizes that values, which transcend language and culture, are the common currency that make life meaningful, and the normative principles that ease life lived in common. . Inculcating a sense of values at school is intended to help young people achieve higher levels of moral judgement. We also believe that education does not exist simply to serve the market, but to serve society, and that means instilling in pupils and students a broad sense of values that can emerge only from a balanced exposure to the humanities as well as the sciences. Enriching the individual in this way is, by extension, enriching the society, too. The approach of the Manifesto is founded on the idea that the Constitution expresses South Africans' shared aspirations, and the moral and ethical direction they have set for the future. As a vision of a society based on equity, justice and freedom for all it is less a description of South Africa as it exists than a document that compels transformation.

Die tien 'fundamental values', wat volgens hierdie dokument dan in skole geleer moet word, is as volg:

- demokrasie
- sosiale geregtigheid
- gelykheid
- nie-rassisme

[10] Ander profete van hierdie nuwe godsdiens: Frans Auerbach, Zubeida Desai, Hermann Giliomee, Pallo Jordan, Antjie Krog, Tembile Kulati, Khetsi Lehoko, Brenda Leibowitz, Pansy Tlakula





- nie-seksisme
- ubuntu
- oop samelewing
- aanspreeklikheid (verantwoordelikheid)
- regsoewereiniteit
- respek en versoening.

Prof. Wilmot skryf verder: *'There is no intention to impose values, but to generate discussion and debate, and to acknowledge that discussion and debate are values in themselves.'* n Mens is dankbaar vir die vryheid om waardes -wat deur wetgewing via die land se grondwet op jou afgedwing word- te mag debatteer en bespreek, sonder dat dit op jou afgedwing word ...?[11]

Ek wil dus van die geleentheid gebruik maak om die dokument oor die algemeen, en spesifiek bogenoemde aanhaling te bespreek. *Eerstens*, daar bestaan nie so iets soos neutrale waardes of feite waaroor almal, ongeag hul geloof en kultuur saamstem nie. Vra maar net vir 'n Moslem wat beteken 'respek' en 'sosiale geregtigheid' volgens sy godsdiens en waardes, en wat dit vir 'n Christen beteken. Alle feite is afhanklik van elke mens se basiese geloofs-voorveronderstellings, d.w.s. elke mens se lewens- en wêreldbeskouing[12] sal bepaal hoe hy hierdie 10 fundamentele

[11] As hierdie stelling nie sin maak nie, dan 'verstaan' u dit reg!

[12] " 'n lewens- en wêreldbeskouing is die geheel van antwoorde op fundamentele vrae aangaande God (of wie of wat ook al afvallig in die plek van God gestel word), mens en

waardes gaan interpreteer én toepas. Dit sal verskil van geloof tot geloof, en van kultuur tot kultuur. Onder die dekmantel van uitsprake soos *'values cannot be legislated'*, *'recognize different viewpoints'*, *'furthering debate'* en veral: *'It is clear, then, that if values are to be "taught" in such a manner that they are absorbed, lived, by young South Africans, it will not be by imposition. The purpose of this process is not to drum a series of "values" into children's heads in the style of the Christian Nationalist schooling of the apartheid years. We have learned, from the past, the dangers of legislating a value system and turning it into an ideology. This process is, rather, to generate discussion and debate, and to acknowledge that discussion and debate are values in themselves, "defining values", as Asmal expressed it, that are at the core of our South African identity,'* klink dit asof die staat baie verdraagsaam is oor wat mense dink en glo [en hul dus net beperk tot die mense se optrede], maar die teenoorgestelde is eerder die geval. In die Sosiale Wetenskap dokument word die volgende beperking op ons 'kritiese denke' en 'waardes' geplaas (en wat ook by ander leerareas gevind sal word):

> These learners begin to structure historical argument and they begin to provide their own interpretations of events WITHIN the context of the South African Constitution and universal Human Rights[13]

---

wêreld en hul onderlinge verhoudinge." - prof.dr. HG Stoker, *Oorsprong en Rigting, vol.1* (Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1967), p.15.

[13] Hoofletters is bygevoeg. Op 'n ander plek staan daar "Ensure that the process of constructing knowledge from sources and evidence is shaped by the values of the Constitution."





Dus, wat met die een hand erken word ['n eie interpretasie] word weer met die ander hand weggeneem [die Menseregte Grondwet]. Ek noem dit by sodat geen mens dit durf waag om te sê, soos prof. James en kie, dat die vorige bedeling 'legalized values' afgedwing het, en die Nuwe SA dit nie doen nie. Dit is 'n tipies humanistiese polities-ideologiese leuen, wat met minagting verwerp moet word, want *tweedens*, dit is nie 'n kwessie van waardes afdwing of nie afdwing nie, maar *watter* publieke waardes gaan afgedwing word? Gaan dit die waardes wees volgens die Woord van God, wat alleen reg en geregtigheid vir elke mens en samelewing kan bring, of die waardes van die humanistiese mens wat alleen op chaos en ongeregtigheid gaan uitloop, soos wat ons nou reeds beleef? 'n Land se wette is juis gebaseer op sy waardes, en daardie waardes is weer gebaseer op die land se godsdiens. *Derdens*, sodra jy praat van sekere 'common values' wat verskillende kulture se waardes transendeer ['... *values which transcend language and culture* ... '], dan is jy reeds besig om 'n ander godsdiens te skep. Dit is wat tans besig is om te gebeur, en nadat die nuwe god ("to serve society") geskep is, moet hy homself begin 'openbaar', soos wat ons dit ook vind in die nuwe 'tien gebooie' van die Nuwe SA. As 'n mens na hierdie 10 menslike gebooie kyk, dan kan 'n mens die volgende vrae vra, en daardeur ook wys dat niks 'neutraal' of 'common' kan wees tussen die christendom en die humanisme nie ... iets wat baie christene ook moet besef:

> 1. **Demokrasie**: beteken dit dat vyftig plus een reg is, waar die minderheid oorgelewer is aan die tirannie van die meerderheid, en dus dat die volk die wetgewer is wat reg en verkeerd bepaal (humanisme); of dat die volk leiers kan verkies wat God se wet (wat reeds geopenbaar is in die Bybel) kan toepas in die samelewing (christendom)?[14]

---

[14] Sien Jak.4:12 (Jes.33:22). Vir die standpunt van 'Bybelse demokrasie', sien die boek: *Biblical Democracy: A*

2. **Sosiale geregtigheid**: volgens die definisie van die menseregte ideologie (humanisme), of volgens die Tien Gebooie (christendom)?

3. **Gelykheid**: die gelykheid wat al die Godgegewe verskille tussen man en vrou ontken, en mense o.g.v. velkleur teen gediskrimineer word, ens. (egalitariese humanisme); of dat ons almal ongeag jy man of vrou is, of aan verskillende volke behoort, gelyk voor God staan, maar verskillende gawes en rolle het om te vertolk hier op aarde (christendom).

4a. **Nie-rassisme**: wat beteken dat onderskeie volke vernietig word om op te gaan in 'n nuwe 'rainbow nation' wat deur 'social engineering' geskep moet word in die ryk oue tradisie van die toring van Babel (New Age humanisme), of dat volke wat almal gelyk is voor God, mekaar -o.g.v. God se wet- wedersyds respekteer en Hom alleen eer (christendom)?

4b. **Nie-seksisme**: dat mans en vrouens die natuurlike skeppingsorde verlaat, alternatiewe lewenswyses soos homoseksualisme, voorhuwelikse verhoudings, saambly paartjies, ens. goedkeur (liberale humanisme) ; of die bybelse ordening van onthouding en die huwelik volgens God se skeppingsordening en Woord (christendom)?

5. **Ubuntu:**die horisontale medemenslikheid sonder God (humanisme); of die medemenslikheid, d.w.s. liefde vir die naaste, o.g.v. die liefde vir God, die eerste gebod (christendom)?

---

*practical look at how the principles contained in the Bible impact on society*, dr. Ed Cain en Miriam Cain (Pretoria: Singpost Publications, 2001).





6. **Oop samelewing:** wat oop is vir elke godsdiens, filosofie, ideologie wat mensgesentreerd is (humanisme), behalwe vir die konsekwente bybelse Christendom wat ons land wil inrig volgens God se Woord (christendom)?

7. **Aanspreeklikheid (verantwoordelikheid)**: dat alleen apartheid skuld kry oor die verlede, terwyl die kommunisme, terrorisme en lafhartigheid 'verstaan' en verdra word vanuit die omstandighede; of dat ons almal voor God verantwoordelik en aanspreeklik is vir alles wat ons doen, ongeag die omstandighede. Die humanisme leer dat die mens se probleem buite die mens lê (bv. apartheid) en dat die mens se verlossing binne homself lê (bv. positiewe denke, goeie self(sugtige) selfbeeld, sielkunde, ens). Daarteenoor leer die Bybel dat die probleem van die mens binne homself lê (die sondige hart), en dat sy verlossing buite homself lê, nl. in die versoendood van Jesus Christus 2000 jaar gelede.

8. **Regsoewereiniteit**: Is dit die mens se wetteloosheid, legalisme en wettisisme soos ons dit vind in die moderne wetgewing (legalistiese humanisme); of teonomie, d.w.s. God se Wet wat die enigste gesonde basis is vir 'n samelewing (christendom)?

9. **Respek**: Is dit die humanistiese respek wat alles wat Christelik is, subtiel probeer vernietig (sekulêre humanisme); of respek wat leer dat elke mens in die beeld van God geskep is, en onder God se wet moet leef, en dus gerespekteer moet word (christendom).

10. **Versoening**: is dit 'n valse horisontale versoening tussen mense onderling alleen; of is dit ware versoening met God deur Christus alleen, wat daarop uitloop dat mense en volke onderling ook met mekaar versoen word (christendom)?

Uit bogenoemde uiteensetting, is dit dus duidelik dat woorde wat sekere

waardes verteenwoordig, nie neutraal kan wees of ons verskillende gelowe kan 'transcend' nie, maar geinterpreteer moet word. Die vraag is: word dit geinterpreteer volgens die humanistiese godsdiens en egalitariese ideologie van ons tyd se voorveronderstellings; of volgens voorveronderstellings wat die Heilige Skrif ons leer? Dus, alhoewel baie mense -en ongelukkig ook baie Christene- val vir die groot leuen van intellektuele opvoedkundige en onderwysneutraliteit [soos dit veral in die fenomenologiese onderwys metode na vore kom in die NK], staan dit egter vas dat:

> Geen feit onverwant aan die Bybel is nie. Alle waarheid om reg verstaan te word, moet gesien word in die lig van die openbaring van ons Skepper en Verlosser. Deur God se genade, moet ons as Sy verloste skepsels, Sy gedagtes agter Hom aan dink (2 Kor.10:5,6). Die Christelike geloof is nie moontlik die waarheid nie, dit is die waarheid. Alle valslike menslike filosofie en wetenskap word geweeg en te lig bevind. God onderhou alle dinge, ook die ongelowiges. Die gelowige en ongelowige het alles metafisisies in gemeen, maar epistemologies het hulle niks in gemeen nie. In ons verkondiging van God en Sy genade, moet ons die Drie-enige God voorhou as die enigste grond vir ons verlossing van sonde, én van ons totale lewe en denke.[15]

Ek dink dat die meeste Christene het nog nie mooi besef wat in hierdie land gebeur het met die revolusie in die 1990's nie. In die vorige bedeling -al was dit meestal net lippediens- was daar amptelik nogsteeds die erkenning van 'n hoër Gesag waaraan die land met al sy leiers en burgers, asook die land se grondwet, moes aan verantwoording doen. Met die

[15] Dr. Gary North, in GE Dennison [ed.], *The Orthodox Presbyterian Church*, 1936-1986 (Philedelphia: Orthodox Presbyterian Church, 1986), p.324.





oorgang is daardie erkenning van 'n hoër gesag weggeneem, of word dit as irrelevant vir die bestuur van die land -en dus ook vir die onderwysbeskou. Die mens, die demokratiese nie-seksistiese nie-rassige (nie-Christelike) mens is nou daardie nuwe god wat gedien moet word, deur 'n nuwe 'bybel', die menseregte grondwet. In die verskillende dokumente, sal 'n mens dan telkens die volgende frases vind:[16]

- "In this way, it provides a practical framework for instilling and reinforcing the culture of communication and participation that the Values in Education Initiative identified as a critical step in nurturing a sense of **the democratic values of the Constitution** in young South Africans."

- "These goals are encapsulated in the values enshrined in **the Constitution and in the Bill of Rights.**"

- "The 'Code of Conduct' of the South African Council of Educators - a statutory body -defines an educator as one who "strives to enable learners to develop a set of values consistent with those upheld in **the Bill of Rights as contained in the Constitution of South Africa.**"

- "Schools could influence children's ideas about sex and relationships even before the onset of intimate encounters, and play a unique role in changing the course of the epidemic - and in imparting **the fundamental values of our Constitution.**"

Ten einde, moet nie die Bybel nie, maar die Grondwet die hoogste gesag wees van die land, en moet die Bybel [en alle geloof, behalwe die

[16] Alle beklemtonings is bygevoeg in hierdie gedeelte.

humanistiese staatsgeloof natuurlik!] beperk word tot die private lewe van die burgers van ons land. Op die publieke terrein: politiek, regte, ekonomie, onverwys, ens., sal die Mens -en nié God nie- die laaste woord spreek, soos prof. James dan ook skryf:

"Introducing Religion Education into the schools provides the scope for learners to explore the diversity of religions that impel and inspire society, and the morality and values that underpin them. In this way, **religion education can affirm the values** of diversity, tolerance, respect, justice, compassion and commitment in young South Africans."

U sien nou wie die meester is [die menseregte grondwet] en wie die diensknegte is [verskillende godsdienste], in die Nuwe SA se messiaanse intergeloof-humanistiese staatsgodsdiens? Dus, die hedendaagse staat is wel onChristelik, maar definitief nie ongodsdienstig nie. Hy het net een godsdiens (die Christelike geloof) verruil vir 'n ander geloof: die humanistiese staats-intergeloof! Vir die wat nog twyfel dat humanisme nie 'n godsdiens is nie, verwys ek u graag na die deeglike gedokumenteerde werk van Dr. David A. Noebel, *Clergy in the Classroom: The Religion of Secular Humanism*,[17] waarin hy bladsy vir bladsy bewys lewer dat humanisme -die godsdiens van die mens as die fokuspunt en norm van die lewe- 'n werklike nuwe godsdiens is wat veral in die 19de en die 20ste eeu gevestig is, en nou ook hier in SA springlewendig is. Hy haal onder andere die volgende aan:

- "There is a large element of faith in all religion. [Christianity has faith] in the love of God; and Humanism in man as the measure of values" - The Faith of

[17] Manitou Springs, Colorado: Summit Press (1995).





Humanism, Curtis W. Reese [p.30]

- This nation (en ek wil SA by die USA voeg - *red.*) ... committed its life to the humanistic position long before such a faith was thought of as a religion" - Humanist Sermons, Curtis W. Reese [p.31]

- The time has come for widespread recognition of the radical changes in religious beliefs ... In every field of human activity, the vital movement is now in the direction of a candid and explicit humanism ... religious humanism." - Humanist Manifesto (1933) [p.45]

Dus, daar is geen twyfel dat die toekomstige onderwys nie neutrale onderwys gaan wees nie, maar dat dit STAATSdiens, oftewel 'n staatsGODSdiens geword het. Maar wat is die mens -wat veronderstel is om deur onderwys begelei te rmoet word na volwassenheid om sy roeping teenoor God en mens te vervul- se probleem volgens hierdie nuwe humanistiese staatsgodsdiens? Dus, wat is die staat se teologie oor die mens se probleem hier op aarde?

### 3. Die probleem: nie die sonde nie, maar die omstandighede van die mens (ongelykheid)

> Speaking of the sin of envy which drives egalitarianism, C.S. Lewis remarked, in the voice of Screwtape: 'It begins to work itself into their educational system ... The basic principle of the new education is to be that dunces and idlers must not be made to feel inferior to intelligent and industrious pupils. That would be 'undemocratic'. These differences between the pupils- for they are obviously and nakedly individual differences- must be disguised. This can be done on various levels. At universities, examinations must be framed so that nearly all the students get good marks ... The bright pupil thus remains

> democratically fettered to his own age group throughout his school career, and a boy who would be capable of tackling Aeschylus or Dante sits listening to his coeval's attempts to spell out A CAT SAT ON THE MAT ... Of course, this would not follow unless all education became state education. But it will.' ... Egalitarianism demands equality of result, equality of outcome ... Because of this egalitarianism, government education in our country has become nothing more than a very well-subsidized joke. American schoolchildren consistently bring up academic rear, although they still feel pretty good about themselves.[18]

In die dokumente wat ek bestudeer het, vind ek natuurlik geen enkele verwysing van die mens se opstand teen God in die tuin van Eden omtrent 6000 jaar gelede nie, en dus ook nie van die sondeval en die tragiese gevolge daarvan vir die mens en sy omgewing -en dus ook vir sy onderwys- nie. As 'n mens die dokumente bestudeer -veral die dokument oor Sosiale wetenskappe- dan kry 'n mens die indruk dat die 'sondeval' in 1652 en/of in 1948 plaasgevind het! Prof. Kader Asmal begin sy voorwoord tot die NK en tot die dokument oor waardes, onderwys en demokrasie, met die volgende woorde:

> Democratic South Africa was born of a leadership with a vision for a people struggling to lift themselves out of the quagmire[19] of apartheid, a people pitted against one another brought into the unifying streams of democracy and nation building.

Verder word daar ook geskryf in die 'Overview', wat bevestig dat 'apartheid' die grootste 'sonde' en probleem van die verlede was:

---

[18] Douglas Wilson, *ibid.*, p.75-77.

[19] Afrikaans: 'modderpoel'





- "Curriculum 2005 was the first major curriculum statement of a democratic South Africa. Deliberately intended to simultaneously overturn the legacy of apartheid education and catapult South Africa into the 21stCentury, it was an innovation both bold and revolutionary in its magnitude and conception. It signaled a dramatic break from the past. No longer would- curriculum shape and be shaped by narrow visions, concerns andidentities. No longer would it reproduce the limited interests of any one particular grouping at the expense of another. It would bridge all, and encompass all. It introduced new skills, knowledge, values and attitudes for all South Africans and stands as the most significant educational reform in South African Education of the last century."

- This Revised National Curriculum Statement and its proposed implementation framework are not the end of the process, but form part ofthe long haul away from the principles and practices on which apartheid education was based. It is one step in an ongoing process of curriculum change and transformation initiated after the achievement of democracy."

- Onder die afdeling: WHY VALUES? WHY NOW?, kom die volgende antwoord: "Apartheid had one good thing. It kept us together. We had a common enemy to fight. We helped each other. When the common enemy went we were suddenly left alone and [now we] can't find the same powerful thing to hold us together. Each one for himself. And this has ruined a sense of community." [Wie weet, dalk is die volgende 'common enemy' daardie 'hardkoppige' Christene wat nie die nuwe humanistiese utopia wil aanvaar nie? - *red.*]

In die Sosiale Wetenskap dokument lees ons as volg:

- South Africa's 1994 democratic elections marked a turning-point for education and curriculum development in South Afria. The values in our new Constitution were: # a starting-point for removing apartheid from our schools and curricula, # a platform for developing a new sense of

national identity, based on dignity and respect for all people, rather than on racial, gender and class division."

- "It is clear, then, that if values are to be "taught" in such a manner that they are absorbed, lived, by young South Africans, it will not be by imposition. The purpose of this process is not to drum a series of "values" into children's heads in the style of the Christian Nationalist schooling of the apartheid years. We have learned, from the past, the dangers of legislating a value system and turning it into an ideology. This process is, rather, to generate discussion and debate, and to acknowledge that discussion and debate are values in themselves, "defining values", as Asmal expressed it, that are at the core of our South African identity."

- "In an elaboration on this learned exposition, Constitutional Court Justice Kate O'Regan sketched for delegates at the Saamtrek conference her own conception of the Constitution as "a bright and shining vision of a different society based on equity, justice and freedom for all". But, rather than being a "description of our society as it exists", it was a document "that compels transformation". The Constitution, she said, "recognises that for its vision to be attained the deep patterns of inequality which scar our society and which are the legacy of apartheid and colonialism need urgently to be addressed."

- "... engaging in debate and critical questioning which will foster a culture of openness; confronting and challenging apartheid myths which reinforce racism and stereotypes such as the "Empty Land" theory; developing civic responsibility and an understanding of tolerance in the context of our Constitution; and promoting the use of, and an appreciation and respect for, African languages as a means of hearing and listening to the silenced voices of the past."

- "In this, it has the potential to achieve cohesion, and to promote tolerance, trust and respect between communities arbitrarily kept apart in the past by apartheid,





decrees whose legacy today is a lingering sense of apartness born of habit, geography and, often, suspicion."

Die doel van al hierdie aanhalings, is om dit by u duidelik tuis te bring, dat daar volgens die nuwe SA godsdiens, so blyk dit, net een 'sonde', oftwel 'crime against humanity' was, en dit was apartheid. Dit is nie hier die plek om apartheid opsigself te bespreek nie, maar om net vanuit 'n histories-opvoedkundige oogpunt te wys op die eensydigheid van die NK ten opsigte van wat die probleme van die verlede was, en wat die oorsprong en doel daarvan was.[20] Ironies genoeg, word een van die slegste dele van apartheid, nl. sy westerse sosialisme nie verwerp nie, maar eerder omarm en verder gevoer in die Nuwe SA. Daarteenoor word dit wat werklik goed was van die apartheidsera, nl. die christelike lewens-en wêreldbeskouing, uitgegooi en vervang met 'n antichristelike humanistiese staatsideologie en godsdiens.

Verder, nêrens vind ons in die dokumente dat bv. kommunisme, terrorisme, sosialisme, die swart heidendom, barbarisme, kerkvervolging, ens., so sterk afgekeur en as deel van die 'enemy' van die verlede beskryf word nie. 'n Deeglike bestudering van die SW dokument - spesifiek die inhoud wat gedek moet word en voorgestel word as voorbeelde om te behandel,[21] sal ook duidelik aan die lig bring:

---

[20] Vir 'n gebalanseerde en nugtere bespreking van Apartheid, t.o.v. die foute daarvan, sien dr. Mark Kreitzer se artikel *"Die Tragedie en Hoop van Apartheid"*, soos dit verwerk is in die tydskrif: *Die Esra Verslag*, Jaargang 8, nr.44 Julie-September 2000.

[21] In die Sosiale Wetenskappe dokument [SW] word by die inhoud 'n paar fokusse of temas gegee wat behandel moet word, bv. een van die agt fokusse wat genoem word by graad 4, is bv. 'histories of leaders in South Africa, Africa and the

- die beklemtoning van die Afrosentrisme, ten koste van die christelik-westerse beskawingsbydraes
- promensie vir die behandeling van swart leiers, bewegings, aksies, gebeure, ens. ten koste van bv. Afrikaner leiers van ons land
- voorkeur aan ander gelowe, bv. die Islam [daar word bv. by Graad 6 spesifiek -as eie unieke afdeling aandag geskenk aan die Islam op sy eie, maar nêrens, sover ek kon vind, van bv. die Kerk van Jesus Christus deur die geskiedenis nie? Hierdie afdeling word ook nie met die nodige (negatiewe) byvoeglike naamwoorde beskryf, soos in die geval met bv. apartheid nie. Dit laat mens wonder, want die wreedardighede en bloedige geskiedenis van die Islam laat apartheid soos 'n sondagskoolpiekniek lyk! ]
- die bevordering van evolusionisme, sonder die inagneming van die Skeppingsleer volgens die Bybel
- bevordering van feminisme, ten koste van die gesin, ens.

---

world". As 'n mens kyk na die voorbeelde wat gegee word, dan is dit omtrent heeltemal 'afrosentries', d.w.s swart leiers. Die antwoord hierop is gewoonlik: in die hakies waarin die name van 'leaders' gegee word, staan daar voor dit (klein gedruk) die volgende twee letters: 'e.g.' ... wat as my engels nou reg is, beteken 'soos byvoorbeeld'. Dus, is die argument, ons is nie gebind aan die afrosentrisme nie, want dit is slegs voorbeelde! ... so is ons bevry van nog 'n struikelblok en kan 'ons' skool rustig voortgaan! Natuurlik weet ek en jy -wat kan lees en vir onsself dink!- dat dit glad nie die bedoeling is van hierdie kurrikulum se 'social engineers' nie, want watter BESIGE onderwyser/es gaan nog twee keer dink aan ander leiers, as die wat daar vir hom voorgehou word? Hier en daar sal jy nog een kry wat dink, maar die res sal net hardloop vir die 'deadlines', want vanmiddag is dit weer sport en kore, en is daar nie tyd om die ideologiese stryd te oordink nie. Die gee van spesifieke voorbeelde om by die inhoud te behandel, is dus glad nie 'neutraal' of per toeval nie.





Louis Bredvold, in sy werk, *The Brave New World of the Enlightenment*, beskryf die verligtingshumanisme se strategie oor die mens se probleem, soos volg:[22]

1. *"....first, the rejection of history, of the inheritance from the past ... Let us wipe the slate clean and begin all over again"*

Dit is presies wat die Nuwe SA ideologie, en spesifiek die staat deur die NK probeer doen, hetsy deur die geselekteerde bepaling van die onderwerpe in die SW leerarea, en deur die negatiewe konteks waarin die verlede oor die algemeen [o.a. apartheid, kolonialisasie, ens.] geplaas word, of geherinterpreteer moet word. Laat 'n spesifieke geloof (bv. die Christendom), of 'n spesifieke volk (bv. die Afrikanervolk) sy verlede vergeet, negatief herinterpreteer en deur skuldmanipulering verafsku, en dan kan jy met hulle maak wat jy wil in die hede.

'n Mens wat nie sy geskiedenis ken nie, is oop vir enige vorm van misleide propaganda en indoktronasie, en dit is dalk juis wat die staat wil hê?

Daarom skryf prof. F.G. Oosterhoff tereg:

> We need to have prior knowledge to gain further knowledge. ... an empty head does not know it is empty. Its possessors intellectual curiosity has not been awakened, and even if there is a desire for knowledge, it remains unfocused. For we cannot gainsay it: the less we know, the less we learn and understand. And also, the less we know, the less we learn and understand. And also, the less we know, the more easily we become the vistim of ideologues and manipulators like the

---

[22] *The Messianic Character of American Education: Studies in the History of the Philosophy of Education* (Vallecito, California: Ross House Books, 1995 [1963]), p.4.

> B.F. Skinners of this world, the ones who want to deprive us of our freedom and our dignity as human beings, made in God's image, for the sake of socio-political and economic stability.[23]

2. *"Die verwerping van alle instellings en gewoontes, behalwe natuurlik die staatsidee"*
In die Nuwe SA word ander instellings -soos bv. die gesin en kerk- alleen verdra vir solank dit in lyn is met die demokratiese waardes van die staatsideologie. Wetgewing, die immorele media, alternatiewe lewenstyle aktiviste, ens., raak al hoe meer anti-gesin en kerk, terwyl die staat en die skool al hoe meer gesien word as die 'saving institutions', vir die Nuwe SA.

3. *"Our effort to improve life must therefore be directed, in the first instance, not at any supposed evil within human nature, but at the evil in the evironment."*
Die mens is dus 'n produk en slagoffer van sy omstandighede, en is nie verantwoordelik vir sy optrede nie. Die nuwe kurrikulum bevestig dit met sy heksejag teen bv. apartheid en die christendom. Ons sien vandag duidelik dat om wette te verander, nie daartoe kan lei dat mense se harte verander nie, want wetgewing is net veronderstel om die mens se optrede [en nie sy hart of denke] te beperk.

Dit is wedergeboorte en bekering terug na God Drie-enig alleen, wat die mens en samelewing fundamenteel kan verander, en nie die mens wat homself probeer verander deur sy eie verlossing of 'n humanistiese utopia daar te probeer stel deur die moderne staat nie. Rushdoony skryf daarom tereg:

---

[23] *Postmodernism: A Christian Appraisal* (Canada: Premier Publishing, 1999), p.82.





> In medieval Europe and the Reformation, Christian man was seen as the necessary unit for a good society; now he was the impediment. It is ironic that this idea of the secular state is so popular in many evangelical circles, because it denies that conversion is necessary before a man and his society can become morally sound.[24]

4. *"By changing human institutions human nature itself will be born again"*
Soos hierbo genoem, verander nie mense of instellings nie, maar alleen die evangelie, die mens se sondige natuur. Die nuwe SA se sosiale eksperiment bewys reeds elke dag dat dit gedoem is tot 'n mislukking. Daartenoor leer die Christendom, in die woorde van Rushdoony, dat:

> Die sleutel tot die remediëring van die moderne situasie, is nie revolusie of enige soort van verset wat lei tot die ondergang van wet en orde nie. Die NT is vol waarskuwings teen ongehoorsaamheid en roep ons op tot vrede. Die sleutel is wedergeboorte, verkondiging van die Evangelie en die bekering van mense en volke na God se wet-woord.[25]

5. *"The new managers are the scientific moralists and the law-givers, the educators, the statesmen"*
Die samestelling van die komitee wat gesit het om die "Manifesto on Values, Education and Democracy" op te stel, bevestig hierdie stelling. Soos met Plato se filosoofkonings, het die Nuwe SA ook sy eie priesters en profete vir sy nuwe wêreldorde hier in SA, wat ons kinders in die afgrond sal inlei. Die Kanadese historikus, William Gairdner, beskryf in sy werk, *The War Against the Family*, hierdie staatsguru's soos volg:

---

[24] *Ibid,* p.158.

[25] *The Institutes of Biblical Law*, vol.I (USA: Presbyterian and Reformed Pub.Co., 1973), p.113.

> The legions of well-intentioned but smug, educated elites have agreed in advance to reject thousands of years of inherited wisdom, values, habit, custom, and insight and replace this heritage with their official utopian vision of the perfect society. They are the progressives, and they can be found in every political party. Trained as scientific, or logical rationalists, these social utopians haughtily treat all social or moral traditions and coventions as arbitrary, rahter than as venerable repositories of indispensable social, family and religious values. They despise natural authority, especially of a local or family variety, and they want to replace it with a sufficiently homogenous state power to bring about their coercive social dreamland. So with a government wage or grant inone hand and a policy whip in the other, they set about forcibly aligning individuals and customs with their dangerously narrow vision, then clamoor after ever greater funding and ever more *progressive legislation* fo the education or *socialization of the people.*[26]

Die ouers en die kerkraad word nie meer benodig nie, of alleen verdra in soverre dit nie inmeng met die staatsideologie nie. Die ouers moet net sorg dat die burgers geproduseer word, en die staat en die skool sal vir die res sorg. In die NH moet die kind dan opgelei en geindoktrineer word deur allerlei 'opvoedkundige' metodes om deel te word van die groepsetiek van die Nuwe SA. Die kind en SA moet hom beskou as die slagoffer van die verlede, waarin hy onskuldig is. Daar word dan geleer om die omstandighede en ongelykhede so te verander -deur die messiaanse staat- sodat die mens weer vry kan wees in 'n demokratiese nie-seksistiese, nie-rassige SA. Vervolgens kyk ons dan hoe hierdie 'social engineering' reddingspoging moet plaasvind.

---

[26] Aangehaal deur George Grant, in JA Pipa&JA Wortman (eds.), *Written for Our Instruction: The Sufficiency of Scripture for All of Life* (Taylors, SC; Southern Presbyterian Press, 2001), p.119





**4. Die oplossing (verlossing) van die probleme: nie Jesus Christus alleen nie, maar die messiaanse Staat (Staatisme)**

> *The god of society is the controlling force in a society. In the modern world, that power is the state. The God of Scripture controls man from within: the 'coercion' is regeneration, a new birth, and it does not do violence to the person or his will. Statist coercion is external: it seeks to remake man by the total control of man's evironment, mind, and education. The school is the key to statist coercion and control. ... The purpose of [state-red.] education is to serve the state and to promote economic efficiency. This is the new model for democracy: its great instrument of control is the state school. The struggle for Christian Schools is the battle for the survival of Biblical Faith. The Great Community of Humanism is simply Babylon the Great of Scripture, the great enemy of the faith and of the Christian man. - RJ Rushdoony*[27]

Van die sondeval af, probeer die mens self God wees deur los van God, of gelyk met God, te probeer bepaal wat reg en verkeerd is, en veral om homself te probeer verlos, sonder die enigste weg, nl. deur Jesus Christus alleen (Hand.4:12). Regdeur die geskiedenis, is dit die mens se poging om die wêreld te probeer verlos van sy ellende, deur ook van verskillende instellings gebruik te maak. So vind ons bv. dat in die Middeleeue, die Roomse kerk -spesifiek die pousdom- verabsoluteer is en beskou is as die sentra waarom die hele lewe draai. Die institusionele kerk is gesien as die instrument wat die wêreld sou red, en die mens sal versoen met God. Geleidelik, met die versekularisering van die westerse beskawing, veral vanaf die 18de eeu, het 'n nuwe verlosser, 'n nuwe god begin opgestaan wat die moderne mens moet lei na verlossing, na 'n lewe van vrede, veiligheid en voorspoed op elke terrein van lewe en denke, 'n lewe van van 'kom ons eet en drink en wees vrolik, want môre sterf ons'. Daardie

---

[27] *Ibid.*, p.188, 190.

nuwe verlossergod is vandag, niemand anders as die moderne messiaanse staat nie. Die staat het die instrument geword wat die samelewing moet verander deur allerlei wetgewing en ideologieë, en kan in die volgende term saamgevat word, nl. *staatisme*. Dr. RJ Rushdoony -wat hierdie term 'gecoin' het- beskryf staatisme as volg:

> The goal of the state is the old pagan and Platonic dream of a *monopoly of power*. By its claim to sovereignty and to universal jurisdiction over everything within its domain, the modern state seeks indeed to be a god walking on earth. The Biblical faith in a multiplicity of governments under God is denied. The self governments of the family, church, school, vocation, and society are all subverted in favor of the unitary power of the state ... The modern state is antichristian in origin, conception, and administration.[28]

God het nooit Sy soewereiniteit aan enige mens of instelling afgestaan nie. Hy en Hy alleen -deur Sy Woord- bly die engiste absolute soewerein. Alle ander gesag is gedelegeerde gesag en mag wat nooit absoluut is nie, maar onderworpe is aan God se Woord. Jesus Christus alleen het alle mag in die hemel en op aarde (Matt.28:18), en enige mens of instelling wat dit probeer opeis, is in opstand teen God en Sy gesalfde (Ps.2) en sal vernietig word. Geen mens of instelling kan god op aarde wees nie, want alleen die God van die Bybel is die enigste ware God.

God het in Sy Woord vir ons Sy orde vir 'n samelewing daar gegee, nl. die individu wat verbondsmatig funksioneer binne die volgende drie basiese instellings:

- gesin,
- kerk, en
- die burgerlike owerheid.

[28] Ibid., p.160,163.





Die burgerlike owerheid se taak word beperk tot die handhawing van wet en orde, en dus alles wat daarmee gepaard gaan (Rom.13:1-7). Dit is nie die burgerlike owerheid se taak om die samelewing te probeer verlos deur wetgewing nie, d.w.s om die welsyn, ekonomie, onderwys, ens. te nasionaliseer nie. Daarvoor het God die gesin, kerk en die gemeenskap daargestel. Dit is die taak van die burgerlike owerheid om die nodige burgerlike wet en orde te handhaaf, sodat die gemeenskap 'n rustige en stil lewe kan lei waarin hul die samelewing in al sy aspekte kan opbou tot eer van God en tot diens aan die naaste (1 Tim.2:2). Die mens word verlos alleen deur die evangelie van Jesus Christus -nie deur 'n messiaanse demokrasie nie-, en 'n samelewing kan alleen vry en regverdig ingerig word, as dit gebou is op die wette van God, en nie op humanisties-utopiese menseregte wetgewing nie.

Die moderne Nuwe SA mens -en ongelukkig ook baie christene- wil egter niks weet van God se plan nie, maar wil homself probeer verlos deur die staatsweë, en 'n samelewing probeer bou op menseleuens, om soos God te probeer wees (Gen.3). Dit het vir 6000 jaar van die mens se geskiedenis nie gewerk nie (en sal nooit werk nie), maar ons wil nie die lesse van die geskiedenis leer nie. Douglas Wilson -aangaande die amerikaanse onderwyssituasie- skryf daarom:

> But of course these are all just symptoms [die intellektuele en morele verval in die VSA -*red.*]. At the heart of this foolishness we find the heart of all foolishness: rebellion against God and His Holy Word. For over one hundred years, Americans have been running a gigantic experiment in the government schools, trying to find out what a society look like without God. And now we know.[29]

Maar waar lê die grondslae van die moderne staat wat alles wil beheer,

[29] Ibid., p.77

en dus ook die Nuwe SA se staat wat nou ons verlossergod probeer wees, 'n godjie wat reeds in die apartheidsera al begin lewe kry het met die sosialistiese ekonomie en magsbehepte staatsbeheer? Was die Nuwe SA, die demokratiese SA *'born of a leadership with a vision for a people struggling to lift themselves out of the quagmire of apartheid, a people pitted against one another brought into the unifying streams of democracy and nation building'* ... of gaan dit veel verder terug?

Natuurlik lê die oorsprong van alle opstand teen God -hulle wat God se evangelie en wet verwerp as die enigste fondament van 'n land- by die sondeval en die mens se sondige hart, maar histories gesien, lê die wortels van die messiaanse staatsidee by die Griekse humanisme van die 4de/5de eeu voor Christus. Dr. EA Venter skryf as volg oor die Griekse staatsleer, spesifiek soos Aristoteles dit gesien het:

> ... die staatsinstelling (is) nodig om die mens op te voed tot deugbetraging. Eers in diens van die staat, die *polis,* bereik die mens sy volkome vorm. Die mens word eers ten volle mens in dié mate waarin hy opgaan in, en hom vereenselwig met die staat. Die staat is die hoogste, die volmaakte gemeenskap, en alle ander maatskaplike kringe vorm slegs ondergeskikte dele van die staat. Daarom moet die seggenskap van die staat oor die ganse wêreldlewe uitgebrei word. Die staat moet die gesinslewe beheer (selfs die grootte van die gesin bepaal); die tempeldiens moet onder sy toesig staan; ja, selfs die boekies wat kinders in hul prilste jeug lees, moet onderworpe wees aan die goedkeuring van die staat. In die staat word die hoogste einddoel van die menslike lewe verwerklik. Aristoteles se staat is m.a.w. deur-en-deur 'n totalitere staat.[30]

---

[30] *Die Ontwikkeling van die Westerse Denke: 'n Oorsig van die Geskiedenis van die Filosofie gedurende 26 eeue* (Bloemfontein: Sacum Beperk, 1973), p.34,35.





Die mens se magswellus sien ons regdeur die geskiedenis, hoe hy die mens se vryheid wil wegneem en in een of ander instelling probeer sentraliseer. Die moderne staat soos ons hom ken, is dan juis 'n voortsetting van wat beskryf is in Plato se *Republiek*, en Aristoteles se *Politiek*. Tussen die Griekse humanisme van die 5de eeu voor Christus, en die moderne humanisme vanaf die 18de eeu, het daar egter 'n tyd verloop waarin die Christendom die wêreld omver gewerp het en 'n teosentriese sosiale orde daargestel het, ongeag die sinkretisme wat ook baie daarby te vinde was.[31] Vir die humanistiese mens, die 'City of Man', was dit egter 'n terugslag, want die westerse mens het sy samelewingsorde alhoemeer verbondsmatig ingerig, en hom onder die beskerm geplaas van o.a. gesinshoofde, stamhoofde, kerke, plaaslike leiers [bv. die feodale stelsel, stadsrade], ens.

Dus moes die mens wat orals 'in kettings' was -om die Franse filosoof, Jean Jacques Rosseau se term te gebruik- bevry word van al hierdie 'onderdrukkende' christelike instellings [bv. die vrou moet 'bevry' word van die gesin = feminisme; die kinders van die huis = individualisme; die lidmaat van die kerk = sekularisme, ens.] en 'n demokratiese individualisme moes bevorder word, waar elke mens op sy eie moet staan en sy regte opeis teen die res van die wêreld. Dit was dan veral die Franse Rewolusie van 1789 - met sy *Verklaring van die Regte van die Mens* ['vryheid, gelykheid en broederskap']- en wat daaruit gevloei het, wat hierdie humanistiese individualisme verpopulariseer het, en die weg voorberei het vir die totalitariese messiaanse staatisme. Dit was in die 1790's: *'(that) the two great weapons of the modern state, conscription*

---

[31] Vgl. **RJ** Rushdoony se twee werke: *Foundations of Social Order: Studies in the Creeds and Councils of the Early Church* (Fairfax, Virginia: Thoburn Press, 1978 [1968]) en *The One and the Many: Studies in the Philosophy of Order and Ultimacy* (Fairfax, Virginia: Thoburn Press, 1978 [1971]).

*(born in France), and the income tax (made in Brittain) were created."*[32] Dus die moderne staat -deur mesiaanse wetgewing- het die mens eers geleidelik 'verlos' van sy onderdrukking binne verskillende instellings, om hom weer in kettings te plaas onder die tirannie van die moderne staat, waar die individu alleen betekenis het binne die staatsideologie. Rushdoony som dit goed op, as hy skryf:

> The development of the modern state is a religious and anti-Christian fact. ... Christianity was increasingly held to be a hindrance to good life, not the means of it, and the state sought to place a distance between itself and Christianity. ... Thus, the modern state worked first to free men from church, family, local rulers and customs on order to strengthen itself at their expense, and then, having accomplished this, it began to strengthen itself against individuals, who were now without their traditional coverings and institutions.[33]

As ons kyk na ons eie samelewing, dan is dit dieselfde storie. Ons samelewing se boustene is nie meer die gesin en kerk nie, maar die atomistiese individu. Die goddelik verordineerde gesin word geleidelik vervang deur 'alternatiewe lewensstyle', terwyl die kerk deur sielkundige instituut vervang word om die mens se probleme te hanteer.[34]
Dit vind alles natuurlik plaas teen die agtergrond van die belangrikste paradigma skuif, naamlik, weg van die Christendom na die

[32] Rushdoony, *ibid*, p.159.

[33] *Ibid.*, p.158,159.

[34] Sien die belangrike werk van Gary Almy, *What is Christian about Christian Counceling?* (Crossway Books).





posmodernistiese[35] Humanisme, weg van God na die Mens, weg van die mens wat wedergebore moet word en sy hele lewe moet inrig volgens God se Woord, na die natuurlike evolusionistiese mens wat homself deur 'finansies en tegniek' sal red, sy oë gerig op vaderstaat wat sy verlossing en hoop is, sodat hy sy lewe kan inrig volgens sy mense'regte' wat hy opeis nie net teenoor sy medemens nie, maar ook teenoor God.[36] Die individu is dan verplig om saam te werk aan hierdie humanistiese utopia op aarde, los van God, in opstand teen God.
Om dit egter te bewerkstellig, het die staat werkers nodig om hierdie heilstaat op aarde te bou, wat sal voortgaan om hierdie ideologie en godsdiens van geslag tot geslag oor te dra. Met die gesin en kerk wat uitgeskuif is na 'n klein hoekie van die lewe, of irrelevant gemaak is vir ons post moderne samelewing. <u>Die vraag is dan uiteindelik</u>: Maar deur watter instrument gaan die messiaanse staat nou sy godsdiens, ideologie en demokratiese utopia hier op aarde stig en bevestig? In die volgende afdeling gaan ons daarna kyk.

[35] Vgl. die volgende werke oor die postmodernisme, as die hedendaagse ideologiese paradigma van ons tyd: F.G. Oosterhoff, *Postmodernism: A Christian Appraisal* (Canada: Premier Publishing, 1999); Johan Janse van Rensburg, *The Paradigm Shift: An Introduction to Postmodern Thought and its Implications for Theology* (Pretoria: Van Schaik, 2000); David S. Dockery (red.), *The Challenge of Postmodernism: An Evangelical Assessment* (Grand Rapids, MI: Baker Books, 2000 [1995]); Gene Edward Veith, Jr., Postmodern Times: A Christian Guide to Contemporary Thought and Culture (Wheaton, Illinois: Crossway Books, 1994); Douglas Groothuis, *Truth Decay: Defending Christianity Against the Challenges of Postmodernism* (Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press, 2000).

[36] Rushdoony, *ibid.*, p.163.

## 5. Die instrument van verlossing: Nie die Liggaam van Christus nie, maar die Staatskool

> *The state is the order of liberty, and the school is the means whereby citizens are prepared for the good life. The state has become the saving institution, and the function of the school has been to proclaim a new gospel of salvation. Education in this era is a messianic and a utopian movement, a facet of the Enlightenment hope of regenerating man in terms of the promises of science and that the new social order to be achieved in the state. - RJ Rushdoony*[37]

Die staatskool -soos die naam aandui- is daar om die staat se ideologie te bevorder, iets wat reeds in die vorige bedeling in ons land aangewend is. Die vorige bedeling het egter ten minste ook christelike waardes probeer bevorder, waar die nuwe kurrikulum nou openlik humanisties en intergeloof van aard is. Die skool word verder nie meer 'n hulpinstelling wat funksioneer om ouers by te staan in spesialisonderwys vir hul kinders nie, maar het 'n opvoedingsinstuut geword wat 'n lewe op sy eie gekry het, en nou selfs in stryd met die ouers is oor die kinders se opvoeding, alles in die naam van Vader Staat (... en Moeder Aarde?).

Die aankondiging van die moontlike 40 verpligte skoolure, is nog 'n bewys van die staat se poging om die kind meer op te eis vir homself, en minder onder die invloed van die ouers en die kerk te laat val. Dit is hartseer hoeveel goedbedoelde, maar tog naief christelike opvoedkundiges hul nog laat mislei deur die staat se praatjies, so asof die 40 verpligte ure voorstel nou 'n 'opvoedkundige' besluit was, en nie 'n polities-staatsideologiese skuif nie.

---

[37] *The Messianic Character of American Education: Studies in the History of the Philosophy of Education* (Vallecito, California: Ross House Books, 1995 [1963]), p.4.





Die onderwyser moet nie meer alleen 'n sekere deel van die kind se opvoeding behartig nie, maar neem al hoe meer die totale opvoeding - hetsy direk of indirek- oor. Die huis word net die koshuis waar 'bed and breakfast' voorsien word, en daarna behoort die kind vir die res van die dag aan die skool. Dit pas natuurlik die humanisties 'bevryde' vrou en die sportiewe pa, om met hul 'eie' individualistiese lewens aan te gaan, maar op die langtermyn is dit tot vernietiging van die kinders se opvoeding, en die gesin as bousteen van 'n gesonde samelewing. Wanneer jy nog onderwysers het wat die christelike lewens- en wêreldbeskouing handhaaf, is dit 'n troosprys, maar wat gaan gebeur wanneer die eerste geslag -goed geindoktrineerde en fanaties gehoorsame pedagogiese ingeneurs van die messiaans-humanistiese staat- begin oorneem? Charles Francis Potter -skrywer van die boek, *Humanism: A New Religion*, skryf daarom tereg:

> Education is the most powerful ally of Humanism, and every American Public School is a school of Humanism. What can the theistic Sunday Schools, meeting for an hour once a week, and teaching only a fraction of the children, do to stem the tide of a fiveday [40 ure per week! - *red.*] program of humanistic teaching?[38]

Die bestudering van die nuwe kurrikulum dokumente wys duidelik daarop dat die onderwys, en spesifiek die staatskool die middel gaan word waardeur die staat sy moderne utopiese mens wil probeer skep met die doel: '*... to embrace the spirit of a democratic, non-racial and non-sexist South Africa*'. Die voorland van die gelowige kind, wat volhard om hierdie soort messiaanse staatskool te ondersteun, word goed saamgevat deur die woorde van Teresa Hughes, California se Staatsenator:

---

[38] Noebel, *ibid.*, p.37ev.

> We live in a society where children going to school have become comparable with soldiers going of to war.[39]

In die lig van bogenoemde aanhaling van Potter, sal ek dit nou reeds waag om 'n uitslag te voorspel in hierdie oorlog: die konsekwente goed-opgeleide humanistiese pedagogiese ingenieur gaan maalvleis maak van ons nageslag, en hy gaan nog tien teen een 'ons' skole en 'ons' mense gebruik om dit te doen, want die Christendom het nie tans die innerlike krag en oortuiging om hierdie aanslag te verstaan en te weerstaan nie. Soos lammers na die slagpale ... ?

Mag ons Here Jesus ons weer 'n godsvresende geslag skenk, wat sal opstaan tot die stryd en sal antwoord op Ps.94:16 -ook op die onderwysterrein,

> Wie sal vir My optree teen die kwaaddoeners? Wie sal my bystaan teen die werkers van ongeregtigheid?

## SLOT

*"Die keuse van 'n opvoedingstelsel is van meer belang vir 'n volk as die keuse van 'n regeringstelsel." - Gustave le Bon*

In die *Manifesto on Values, Education and Democracy*, word die godsdienstig-ideologiese doel van die Staat via die Onderwys soos verwoord in die Nuwe Hersiene Kurrikulum, treffend saamgevat in die volgende woorde:

---

[39] Noebel, *ibid.*, p.vi.





> It was in a climate of anxiety about **the need for moral regeneration**, and **the re-norming of society**, that the Working Group on Values in Education presented its document 'as a starting point in what ought to become a national debate on the appropriate values for South Africa to embrace in its primary and secondary educational institutions[40]

Hier word gevra na 'n valse horisontalistiese wedergeboorte tussen mense, **sonder** God se verlossingswerk deur Christus, asook die normering van die Nuwe SA op menslike oorlewerings en nie op God se ewigdurende regverdige wette nie. Dus, reeds in die 'starting point' van hierdie hele 'social engineering' eksperiment [soos apartheid?], spesifiek t.o.v. van die onderwys van ons land, is dit gedoem tot mislukking. 'n Mens kan nog verstaan waarom die nie-gelowige opgeneem word in hierdie ideologies-godsdienstige eksperiment, maar vir die gelowige mens is dit totaal onaanvaarbaar om mislei te word deur die sogenaamd valse kennis van hierdie wêreld (Kol.2:8; 2 Kor.10:5,6; 1 Petr.3:15). As 'n wiskunde som 15 stappe het, waar die volgende stap se korrektheid afhanklik is van die vorige stap se korrektheid, dan is daar geen manier dat die antwoord reg kan wees, as daar reeds by die eerste stap 'n fout gemaak is nie. Soos Bonhoeffer ook tereg gesê het: *as jy op die verkeerde trein geklim het, help dit nie om heeltyd na die agterste wa te hardloop nie*. Die Skrif leer oor ons daarom tereg:

- "Die vrees van die HERE is die ***beginsel*** van die kennis; sotte verag wysheid en tug" - Spr.1:7,
- "As die ***fondamente*** omgegooi word, wat kan die regverdige doen?" - Ps.11:3
- "As die HERE die huis nie bou nie, ***tevergeefs*** werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, ***tevergeefs*** waak die wagter." - Ps.127:1

---

[40] Beklemtonings bygevoeg.

- "Terug na die wet en die getuienis van die HERE! Wie nie volgens hierdie woord praat nie, is ***sonder*** toekoms." - Jes.8:20
- "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van ***elke*** woord wat deur die mond van God uitgaan." - Matt.4:4
- "Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle ***niks*** doen nie." - Joh.15:5
- " ... maar elkeen wat ***een*** van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see ... " - Matt.18:6

Na aanleiding van veral die laaste vers, waarsku die Skrif nie verniet dat ons versigtig moet wees om baie leermeesters te wees nie (Jak.3:1), en dit geld ook vir alle opvoedkundiges en onderwysers! Ons sal moet rekenskap gee vir elke woord en daad waarin ons betrokke was. Elke persoon in die onderwys -ouers, beheerliggaam, die hoof, personeel, opvoedkundiges, ens.- sal moet rekenskap gee vir wat ons die kinders geleer het. Ons mag nie agter onkunde -veral nie agter moedswillige onkunde- skuil nie, veral ook nie nou met die bedreiging van die Nuwe Kurrikulum nie. Ek glo ons -die christelike ouers en personeel- word getoets oor wie ons die meeste liefhet. Onderwys moet nie onderwysergesentreerd [vorige bedeling] óf kindgesentreerd [nuwe bedeling] wees nie, maar Godgesentreerd wees in alles wat dit is. God, en nie die mens of die staat nie, is die standaard en doel van onderwys. Wat Hy eis moet gehoorsaam word, ook in die onderwys.

Ten einde, is hierdie nie net 'n aanslag op 'ons' skole nie, maar is dit ook 'n geestelike ideologiese stryd wat woed in ons land en dit op elke lewensterrein, en in die besonder in die opvoedende onderwys. Dit is niks anders as 'n volskaalse oorlog teen die Christendom en die westerse beskwawingorde wat diep daardeur beïnvloed is nie. Hoe gouer 'vredeliewende' christene dit besef, hoe beter, anders word ons en veral die nageslag na ons soos skape gelei na die slagpale [humanistiese





staatskole]. Hartseer maar tog waar, is dat ek dink dat die oorgrote meerderheid van ouers en personeelkorps dink soos die mense wat op die *Titanic* gevaar het, of die Amerikaners voor 11 September 2001, nl. 'dit sal nie met ons gebeur nie' of 'ons is darem nog in beheer'.

Dit is verstaanbaar dat baie personeel nie nou hul pensioen in gevaar wil stel nie, terwyl ander se brood en botter afhanklik is van die staatskool, maar is gehoorsaamheid aan die Staat belangriker as gehoorsaamheid aan God? Het ons nie vasgevang geraak in 'n sisteem wat besig is om onsself wat so getrou daarin werk, te vernietig nie? Is daar nie 'n beter weg nie? Is ons nie dalk soos Israel van ouds wat in Egipte wil bly in vrees vir die Egiptiese humanistiese staat nie ... soos vir vandag se humanistiese staat nie? Het ons nie ook slawe van die staat geword nie, en is ons bang dat as hy dalk 'doodgaan' dit ook ons einde gaan beteken [my pensioen, my medies, my lewe!]. Dus:

**Aan wie behoort die kinders? Aan wie behoort ek? Wie is die Soewereine God in my lewe en hoe bepaal dit my hele lewe, en die spesifiek die onderwys?**

Ek hoop ek kon die vrae help beantwoord, want nie God se Koninkryk nie, maar jou en my deelname daaraan is op die spel.

> As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red. Wat baat dit 'n mens tog as hy die hele wêreld win, maar homself verloor of skade aandoen? Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele
> - Luk.9:23-26.EI